Tel. **086 133 3786**
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

VIR WETENSKAP EN KUNS

Stigtingsjaar 1909


13 April 2021

**PERSVERKLARING**
**(Vir onmiddellike vrystelling)**

# JAN H MARAISPRYS 2021



Prof Ina Wolfaardt-Gräbe



Prof Hennie van Coller

Die Jan H Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal word vanjaar gedeel deur proff Ina Wolfaardt-Gräbe van Pretoria en Hennie van Coller van Bloemfontein. Die prys ter waarde van R500 000 sal later vanjaar tydens 'n funksie op Stellenbosch aan hulle oorhandig word.

Albei wenners geniet wye aansien as literatuurwetenskaplikes van internasionale formaat.

Prof Gräbe, wat aan die destydse PU vir CHO gepromoveer het, was van 1984 tot met haar aftrede in 2005 verbonde aan UNISA, eers aan die departement Algemene Literatuurwetenskap en later Afrikaans. Sy is bekend vir haar werk as teoretikus en ook as dryfkrag agter die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, die belangrikste Afrikaanse akademiese tydskrif met internasionale aansien.

Prof Van Coller, 'n produk van die Universiteit van die Witwatersrand met doktorsgrade van die Universiteit van Utrecht in Nederland en die destydse RAU, is in 1997 deur die Vrystaatse Universiteit vereer met 'n bevordering tot uitgelese professor. Hy het nie net 'n formidabele vakkundige publikasierekord as literatuurwetenskaplike nie, maar is ook 'n erkende digter, vertaler en prosaskrywer.

Die Jan H Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoch Marais (1850-1915), vooraanstaande Stellenbosser en voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart deur harde werk op die Diamantvelde opgebou het. Hulle is Het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit Stellenbosch.

Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

Die keurkomitee het bestaan uit prof Marius de Waal van die Stellenbosse Regsfakulteit as voorsitter; prof Ian Dubery, hoogleraar in biochemie aan die Universiteit van Johannesburg; Albert Grundlingh, professor emeritus in Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch; Ena Jansen, oud-hoogleraar in Suid-Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam; prof Debra Meyer, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskap aan dieselfde universiteit; en dr Johan van Zyl, oud-rektor van die Universiteit van Pretoria en voormalige hoof van Sanlam. Prof Christof Heyns, regsprofessor aan die Universiteit van Pretoria, was verskeie jare lank lid van die komitee, maar is ongelukkig onlangs onverwags oorlede. Prof Andreas van Wyk, oud-rektor van die Universiteit Stellenbosch, is op kort kennisgewing as lid in die plek van prof Heyns gekoöpteer.

Die prys van R500 000 sal weer in 2022 toegeken word. Die aanwending van die prysgeld is in die hande van die ontvanger.

-o0o-

***Vir verdere inligting, kontak:***


- **Prof Anne-Marie Beukes by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, tel 083 675 8053, e-pos ambeukes@akademie.co.za**
- **Prof Ina Wolfaardt-Gräbe, tel 0834568144 of 012 2591752**
- **Prof Hennie van Coller, tel 082 825 9743 of 051 430 6476**